Mediavrystelling

Laurika Rauch se eerste *LIVE* **DVD**

LAURIKA RAUCH: grootste treffers *LIVE*

In haar eie woorde:

"Ek het grootgeword in 'n huis waar daar baie aandag aan kulturele dinge gegee is. Daar is gelees, gefliek, ons het simfoniekonserte bygewoon in die Kaapstadse stadsaal en … ons het gesing.

Op vyfjarige ouderdom het ek klavierlesse begin neem en sommer dadelik begin met voorbereidings vir musiekeksamens en kunswedstryde twee keer 'n jaar. Ek het deelgeneem aan klavierkompetisies en sangkompetisies en ek het gelees en voorgedra by die kunswedstryde.

Ek en my ouer broer, Johan en my suster Ingrid, was deel van Oom Hannes Uys se Kindersangkring in Pinelands. Ons het Woensdaemiddae en Sondae na kerk geoefen en by troues en in kerke opgetree. Elke nou en dan het ons ook 'n publieke uitvoering gegee en ons het selfs 'n paar plate gemaak. Toe ek tien was het ek my solo debuut, wat uit vier reëltjies bestaan het, op 'n plaat ("Dis Kersfees") saam met die koor gemaak.

Êrens, vroeg in my kinderdae, het ek bewus geword van televisie in Amerika, maar ons het dit natuurlik net gesien in films en op die Panavision nuusinsetsels wat gewys is voordat 'n fliek begin draai het. My ouers het 'n paar jaar se reekse *Saturday Evening Post* by 'n oom present gekry en ek het dikwels my skooltemas toegelig met prentjies uit ou *Saturday Evening Posts*. Ek was mal oor Norman Rockwell se illustrasies.

My pa was lief daarvoor om *uit te ry* op 'n Sondag na ete en so het ons as 'n familie dikwels vanaf Pinelands na Seepunt gery en langs die see gaan stap nadat ons Italiaanse water-roomys by die Venezia restaurant gekoop het. Ons het Malmesbury toe gery en oor Sir Lowry's pas na Hermanus. Ons was Worcester toe, Paarl toe, Montagu toe – noem maar op… En so, terwyl ons gery het, het ons gesing. Die hele familie. Liedjies uit ons koor repertorium, hallelujah-liedjies, psalms en gesange, populêre liedjies wat ons op Radio Suid-Afrika, Springbokradio of LM radio gehoor het van byvoorbeeld Cliff Richard en Pat Boone en liedjies uit die FAK.

Ek is na Groote Schuur Laerskool in Rondebosch, waar ek wonderlike onderwysers gehad het. My graad 6 klasonderwyser, meneer Ambrose Hayward, was die eerste onderwyser wat my en my maats soos grootmense behandel het en vir ons die voordeel van die twyfel gegee het as ons nie ons werk betyds gedoen kon kry nie. Hy het met ons oor idees gepraat en ons het baie gelag terwyl ons baie geleer het.

My Hoërskool, was Jan van Riebeeck in Kaapstad. Daar het ek in die skoolkoor gesing en is ek blootgestel aan baie kulturele ervarings. Meneer O E Driesse was my afrikaansonderwyser. Ek sal hom nooit vergeet nie. Ek het vir een termyn netbal en toe ook hokkie gespeel, maar ons het almal geweet ek is 'n musiekkind en sport is nie my sterk punt nie!

Ek het later gesien dat die proses van ure en ure voor die klavier sit om 'n stuk in te oefen en te memoriseer, maar net dieselfde is as om vir ure en ure as 'n atleet of sportman te oefen. Dis dieselfde soort toegewydheid en vrede wat jy met jou eie geselskap moet maak en dis dieselfde fokus wat van jou geverg word.

In my matriekjaar, het 'n suster van 'n vriendin vir my 'n paar drukke op haar kitaar gewys. My eie suster het 'n kitaar gehad wat sy gekry het toe sy Joan Baez wou wees en ek het huis toe gegaan en geoefen en geoefen (*Cripple Creek* van Buffy Saint Marie) op haar kitaar totdat my vingerpunte blou was, met sulke gleufies daarin van die nylonsnare. Daarna het ek my eie kitaar by my ouers gekry en elke *folk* liedjie van Donovan tot Cat Stephens bemeester met behulp van net 'n paar akkoorde.

Op Stellenbosch universiteit het ek drama begin studeer. Ek was 'n stil kind en was maar te bly as ek soms uitgenooi is na partytjies. Ek moes egter dikwels agterkom dat dit vir my kitaar en my stem was dat ek genooi is (en nie my *sprankelende* persoonlikheid nie) wanneer die voorspelbare instruksie gewoonlik saam met die uitnodiging gekom het: "O, en bring asseblief jou kitaar saam". Rina Botha was een van my groot leermeesters. Sy was voorheen 'n NTO aktrise wat vir my alles geleer het van teksontleding, projeksie en die *fyn net van die woord* in my individuele spraakklasse by haar. Ek het graad gevang, geleef, beleef en gegroei.

My leerskool het jare na universiteit verder uitgebrei toe ek in 1974 uit die Kaap uit opgetrek het Transvaal toe. Ek het aangesluit by TRUK SPEELWERK, die skolegeselskap van TRUK. Ons het baie getoer met gedramatiseerde voorgeskrewe stukke wat ons by skole opgevoer het en ek het altyd die musiekdeel behartig en vir die ander akteurs hulle liedjies help leer. Francois Sawrt was ons beskermheer. In TRUK SPEELWERK het ek die eerste keer 'n toonsetting gedoen. Ons regisseur Robin Malan, het vir my gevra om 'n paar van Brecht se tekste vir *The Exception and the Rule* te toonset. Daarna het toonsettings vir *Witwater se mense* gevolg en 'n hele paar gedigte soos byvoorbeeld RK Belcher se *Voël*.

Na TRUK SPEELWERK het ek Johannesburg toe getrek en begin vryskut werk doen as aktrise. Ek het baie werk by die Markteater gedoen, maar daar was nie werklik genoeg werk vir my nie en ek het dikwels aflosposte by skole beklee om die pot aan die kook te hou.

Toe, in 1976, begin televisie in Suid-Afrika. Almal soek en maak programme om uit te saai en 'n paar regisseurs, soos Merwede van der Merwe en Stephan Bouwer, begin baie werk skep vir sangers en akteurs. Stephan doen 'n reeks, genaamd *Fyn net van die Woord* en hy vra vir my om toonsettings te doen. Ek toonset, onder andere, *Toemaar die Donker Man* vir die reeks, en maak my eerste verskyning op televisie. Merwede van die Merwe vra my om toonsettings te doen vir haar *Musiek en Liriek*- reeks vir TV en voor ek dit kan agterkom, kry ek meer werk as sanger en nie meer as aktrise nie. Prof Theuns Botha van die destydse dramadepartement van Potchefstroom vra my om Boerneef verse te toonset vir 'n reeks *Vonkel*-aande by die department en my toonsettings van "Nalekokers" en *Niks Hang so Rooi soos wingerdblaar by Hexrivier* word uit hierdie opdrag gebore.

Een aand, in 1977, terwyl ek toevallig aan Katinka Heyns en Chris Barnard by *Mike's Kitchen* in Greenside, biefstuk bedien waar ek 'n kelnerin is, kyk Katinka op na my terwyl ek haar bord voor haar neersit en sê vir my: "Ek en Chris voel dat jy nie behoort biefstuk te bedien nie, jy moet sing". Hulle is op daardie stadium besig om te werk aan die teks vir *Phoenix en Kie,* een van die eerste televisiereekse in Afrikaans en Jana Cilliers, wat die rol van 'n kabaretarties in die reeks vertolk, stel later voor dat ek haar liedjies in die reeks namens haar sing en dan maak sy net asof dit sy is wat sing. My eerste ervaring in 'n ateljee, is die aand as ek *Kinders van die Wind* moet opneem. Johnny Boshoff is daar met 'n hele orkes en Katinka en Chris Barnard. Mike Pilot speel die kitaar. Ek sing net, want dit is wat ek my hele lewe lank al doen - voor gehore, beoordelaars, saam met my familie, in my ma se Mini motortjie as ek saam met 'n vriendin Bloubergstrand toe ry – orals. Ek weet glad nie hoe belangrik hierdie opname gaan word vir my lewe nie.

'n Paar maande nadat *Kinders van die Wind* op 'n solus sewe plaat uitgereik is, skakel 'n vriendin by die radio my en sê die liedjie is op die Springbokradio Treffersparade. Dit bly daar vir 11 weke. Dit word die eerste Afrikaanse treffer op die Radio 5 treffersparade. Ek kry 7 aanbiedinge vir 'n platekontrak. Ek begin my sangloopbaan op die sterkte van 'n treffer. *Kinders van die Wind* maak vir my deure oop waar ek nie geweet het daar deure was nie.

Na *Kinders van die Wind* neem ek in die vroeë tagtigs liedjies van Anton Goosen op – *Aai-Aai*, *Vergeet om my te vergeet/onthou om te onthou*, *Neanderdalman*, *Die mense wat ek lief het.* 'n Bietjie later volg die Kupido-treffer *Jy is te Dierbaar* en ek sing Jacques Brel se liedjies. Ek begin formele sanglesse neem by Sarie Lamprecht en vir tien jaar leer sy vir my so baie dinge wat ek nooit geweet het van sang nie, terwyl ek al reeds so lank in die bedryf is.

Stuur groete aan Mannetjies Roux gebeur in 1990. Ons twee pragtige kinders, Simon en Nina, is reeds gebore en ek sing vir hulle slaapliedjies as hule bed toe gaan. Ek en my liewe man, Chris Torr, is al geruime tyd getroud en hy skryf vir my *Stuur groete aan Mannetjies Roux.* Hy skryf vir my *Stille waters* en *Op Blouberg se strand* en *Die Gang, Hot Gates, Die Ballade van Jakob F de Beer* en…en.

Chris skryf vandag nog pragtige liedjies. Die musiek wat speel as 'n mens die *spyskaart* van die DVD oopmaak, is sy liedjie – *Over the Hills and Far away.* Hy is 'n groot spil waarom my en die kinders se lewe draai en sy eiesoortige liedjies oor, ondermeer, die mense van die Karoo, het my werk oor die jare 'n identiteit gegee. Ander liedjieskrywers – Koos Kombuis, André Swiegers, David Kramer, Koos du Plessis, Laurinda Hofmeyr, Karel Bremer en nog baie meer, het geweldige groot bydraes gemaak op hulle besonderse manier. Ek is so dankbaar vir hierdie pad wat ek kon loop – saam met al die mense en die ongelooflike gehore wat wil hoor as ek sing.

Ek het die DVD gemaak soos wat ek graag wil hê my werk onthou moet word. Louis Brittz, musiekregisseur, het vir my laat klink soos wat ek klink en nie soos iemand anders se idee van hoe ek moet klink nie. Deon de Bruyn, regisseur, het vir my 'n *show* met mooi ligte, simpatieke kamerawerk en die voordeel van sy kreatiwiteit gegee, waarop ek vir altyd trots kan wees.

Ek dra die DVD op aan my ouers. Jy kan sien hoekom".

www.laurikarauch.com Oktober 2006